

Die Hoëpriesterlike gebed van Jesus

ʼn Studie van Johannes 17



INHOUD

Bladsy No

Inleiding	5
Week 1: Jesus bid vir Homself	
Persoonlike Studie	9
Groepbespreking	16
Week 2: Jesus bid vir Sy dissipels	
Persoonlike Studie	21
Groepbespreking	31
Week 3: Jesus bid vir Sy Kerk en vir eenheid	
Persoonlike Studie	37
Groepbespreking	44
Geheueverse	47
Bronne	49

INLEIDING

Jesus sluit sy afskeidstoespraak in die Evangelie volgens Johannes af met 'n ongelooflike gebed in hoofstuk 17. Jesus het sy sending afgehandel, sy dissipels voorberei om voort te gaan sonder sy fisiese teenwoordigheid en is nou op die punt om te vertrek. Hy bid tot sy Vader - maar hierdie keer voor sy dissipels. Jan A du Rand skryf dat dit dus meer is as 'n gebed. Dit is ook 'n evaluering van sy sending, 'n motiverende verklaring van die taak wat voorlê - 'n blik in die hart van die Seun van God.

Dit stel ons in staat om met ontsag te kyk na die onpeilbare diepte van die Goddelike Drie-eenheid en die noue band tussen Vader en Seun. Die inhoud van hierdie wonderlike gebed is nie net 'n aanmoediging nie, maar ook 'n motivering vir ons wat “deur hulle boodskap in My sal glo”! (Johannes 17:11)

In sy kommentaar oor die gebed, sê Warren Wiersbe die volgende::

“The progression of thought in this prayer is not difficult to discover. Jesus first prayed for Himself and told the Father that His work on earth had been finished (John 17:1–5). Then He prayed for His disciples, that the Father would

keep them and sanctify them (John 17:6–19). He closed His prayer by praying for you and me and the whole church, that we might be unified in Him and one day share His glory (John 17:20–26).”

Waarom het Jesus hierdie gebed gebid? Hy was besig om Homself voor te berei op die lyding wat vir Hom wag. Terwyl Hy die heerlijkheid bedink het wat die Vader Hom belowe het, sou Hy nuwe krag vir sy lyding ontvang (Hebreërs 12:1-3).

Maar Hy het ook sy dissipels in gedagte gehad (Johannes 17:13). Wat 'n bemoediging moes hierdie gebed vir die dissipels gewees het! Jesus het gebid oor hulle veiligheid, hulle vreugde, hulle eenheid en hul toekomstige heerlijkheid!

Hy het dit ook vir ons gebid, sodat ons alles sal weet wat Hy vir ons gedoen het en aan ons gegee het, en alles wat Hy vir ons sal doen as ons in die hemel kom. In hierdie gebed verklaar ons Here die wonderlike voorregte wat ons as sy kinders het, voorregte wat help om ons oorwinnaars te maak.

Soli Deo Gloria

Week 1

Jesus bid vir Homself

Geheuevers:

En die inhoud van die ewige lewe is dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus wat U gestuur het.

Johannes 17:3 (NLV)



PERSOONLIKE STUDIE

Lees Johannes 17:1-5

INLEIDENDE OPMERKINGS:

Hierdie gebed word dikwels die Hoëpriesterlike Gebed genoem - omdat Jesus by God intree vir sy volgelinge.

Jesus begin hierdie gebed deur vir homself te bid. Dit is egter nie 'n voorbeeld van hoe ons vir onself moet bid nie. Jesus begin sy gebed deur te bid dat die Vader Hom sal verheerlik, want dit sal die Vader verheerlik.

Die fokus van die gebed gaan daaroor dat die heerlikheid van God op aarde sigbaar word. Die woord, verheerlik (glory), word 8 keer in hierdie gebed gebruik. Daarom moet 'n mens nie hierdie hoofstuk op jou voete lees nie, maar op jou knieë, volgens Du Rand!

STUDIEVRAE

Lees Johannes 16:33.

Wat het Jesus gesê net voor sy gebed?

Lees Johannes 17:1

Jesus het gereed in afsondering gaan bid - maar hierdie keer bid Hy hoorbaar en voor hulle oë. Vergelyk hierdie inleidende woorde met Johannes 11:41 en Markus 7:34 - wat leer jy oor hoe Jesus in die openbaar gebid het?

Jesus begin Sy gebed met 'n verklaring en 'n versoek van Sy Vader.

Jesus verklaar dat die "uur" gekom het – watter uur verwys Jesus na?

Jesus se opdrag is uitgevoer en Hy is gereed om terug te keer na Sy Vader. Wat bedoel Jesus met "Verheerlik u Seun, sodat u Seun U kan verheerlik"? (Verwys na Johannes 13:32 en Hebreërs 12:2).

Die gebeure van die kruis word beskryf as verheerliking. Wanneer Jesus dus hier bid dat die Vader die Seun moet verheerlik, bid Hy dat die Vader vir mense moet wys hoe

belangrik en magtig Hy werklik is, dat Hy inderdaad die Here is. Hulle sal dit sien as Jesus uit die dood opstaan. Soos Tomas (Johannes 20:28), sal hulle dan beseef dat Jesus die Here en God is.

Dit sal ook beteken dat die Seun die Vader sal verheerlik, met ander woorde, mense sal ook in Jesus kan sien hoe belangrik en magtig God is.

Lees Johannes 17:2

Oor wie het die Vader Jesus mag gegee?

Wat sou Jesus gee aan diegene wat die Vader Hom gegee het?

Beskryf in jou eie woorde wat die ewige lewe beteken.

Lees Johannes 17:3

Hoe het Jesus die ewige lewe beskryf? Wat beteken die woord *ken* hier?

Om die ewige lewe te hê, is om die ewige, ware God en Jesus Christus vir wie hy gestuur het, persoonlik te ken. Dit beteken om 'n persoonlike verhouding met Hom te hê deur geloof in Jesus Christus.

Die ewige lewe is nie dieselfde as ewige bestaan nie, want ewige bestaan vind ook in die hel plaas. Die ewige lewe in die Bybel verwys na die lewe wat by redding begin en vir ewig in die hemel by God duur.

Lees Johannes 17:4 and 5

Hoe verstaan jy verse 4 en 5 in die lig van vers 1?

Jesus het die Vader verheerlik deur Sy wonderwerke (Johannes 2:11; 11:40), maar Hy het die grootste eer aan die Vader gebring deur Sy lyding en dood (sien Johannes 12: 23–25; 13: 31–32). Uit 'n menslike oogpunt was

Golgota 'n afskuwelike vertoning van die sonde van die mens; maar vanuit 'n goddelike oogpunt het die kruis die genade en heerlikheid van God geopenbaar en verhelder.

Jesus het verwag dat Hy na die hemel sou terugkeer toe Hy gesê het: "Ek het U op aarde verheerlik deur die werk te voltooi wat U My gegee het om te doen." (Johannes 17: 4). Hierdie "werk" het Sy boodskappe en wonderwerke op aarde ingesluit (Johannes 5: 17–19), die toerusting van die dissipels vir toekomstige diens, en bowenal, Sy offer aan die kruis (Heb. 9: 24–28; 10: 11-18).

Dit is op grond van hierdie "voltooide werk" dat ons as gelowiges die gawe van die ewige lewe het.

SLOTOPMERKINGS:

In verse 1 - 5 verklaar Jesus dat Hy die werk wat Hy moes verrig, voltooi het. Toe Jesus mens geword het, het Hy die magsoorsig wat hy bekleed het, prysgegee. Nou vra Jesus dat die Vader Sy magsoorsig sal herstel na dit wat dit voor die skepping was. Maar dit is nie 'n selfsugtige gebed nie.

Dr. R.A. Torrey skryf; "*our Lord's burden was the glory of God, and this glory would be realized in His finished work*

on the cross. The servant of God has every right to ask his Father for the help needed to glorify His name."

Die Ewige (ewigdurende) lewe is 'n belangrike tema in Johannes se Evangelie; dit word minstens sewentien keer genoem. Dit is God se gratis geskenk aan diegene wat in sy Seun glo. Die Vader het aan sy Seun die mag gegee om die ewige lewe te gee aan diegene wat die Vader aan die Seun gegee het.

Die ewige lewe is om God persoonlik te ken; nie net om van Hom te weet nie, maar om 'n persoonlike verhouding met Hom te hê deur die geloof in Jesus Christus. Dit is opwindend dat die gelowige nie hoef te wag vir die wederkoms om die ewige lewe as 'n geskenk van die eindtyd te ontvang nie - maar dit dalk alreeds mag ervaar (sien Johannes 5:24).

Ons het egter 'n vrye wil. As ons Jesus as persoonlike Verlosser en Here aanneem, het ons die ewige lewe. Ons is vry om te kies, maar ons moet 'n keuse maak.



GEBED

Dank God vir die gawe van die ewige lewe.

Vra Hom om jou te help om daaglik vir Hom te lewe.

Vra die Heilige Gees om jou te help om God te verheerlik deur jou lewe. Wy jouself, jou lewe en jou tyd aan Hom toe.



GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

En die inhoud van die ewige lewe is dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus wat U gestuur het.

Johannes 17:3 (NLV)

Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

Johannes 17:1-5

Besprekingsvrae

Lees Johannes 17:1. Wat het Jesus die Vader gevra om te doen en wat sou Hy vir die Vader doen? Watter uur het gekom?

Lees Johannes 17:2. Waaroor het Jesus gesag gehad, en wat kon Hy gee?

Lees Johannes 17:3. Hoe het Jesus die ewige lewe beskryf? Wat impliseer dit vir gelowiges?

Dink jy dit is moontlik om God en Jesus persoonlik te ken? Hoe? Bespreek in die groep.

Lees Johannes 17:4-5. Dink jy dat volgelinge van die Here
Hom kan vra om hulle te help om sy Naam te verheerlik?
Hoekom?

Sluit af met gebed

Week **2**

Jesus bid vir Sy dissipels!

Geheuevers:

*Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld moet wegneem nie,
maar dat U hulle van die Bose moet bewaar.*

Johannes 17:15



PERSOONLIKE STUDIE

Lees Johannes 17:6-19

Inleidende Opmerkings:

Hierdie deel van die Hoëpriesterlike gebed kan in twee eenhede onderverdeel word. In 17: 6–8 vertel Jesus wat hier op aarde gebeur het met Sy sending, en in 17: 9–19 bid Jesus vir Sy volgelinge wat in die wêreld agtergelaat sal word wanneer Hy na die hemel terugkeer.

In Johannes 17:6–8 hoor ons Jesus vertel van Sy sending hier op aarde. Jesus het die mense kom vertel wie God is (Hy het Sy Naam kom openbaar). 'n Belangrike tema in hierdie Evangelie is dat God se volk gered word. Diegene wat aan Hom behoort, gee Hy aan Jesus en Jesus bewaar hulle deur hulle die ewige lewe te gee. Uiteindelik sal God al hierdie mense na Hom neem om vir ewig by Hom te bly.

In verse 9-19 praat Jesus oor wanneer Hy na die Vader terugkeer. Hy is gelukkig omdat Hy sy verlossingswerk volkome afgehandel het. Hy laat lewende “monumente” van die Vader se verlossingswerk agter.

Jesus weet egter dat die dissipels in 'n vyandige wêreld agterbly. Is dit nie opvallend dat Jesus nie bid dat die Vader die dissipels uit die wêreld moet onttrek nie, maar eerder vra dat hulle van bese struikelblokke weerhou moet word nie?

As Christene moet ons besef dat die taak om te getuig belangrik is en dat die risiko's daaraan verbonde groot is. Hoe meer die wêreld sien dat jy aan God behoort, hoe meer sal die haat van die wêreld toeneem.

As jy in die oorwinning leef wat Jesus behaal het, sal die wêreld se jaloesie in haat en woede verander. Daarom het ons die beskerming van die Vader nodig.

STUDIEVRAE:

Lees Johannes 17:6

Wat was die eerste aspek van Jesus se sending op aarde?

In hierdie deel van die gebed speel die "Naam" 'n belangrike rol. Dit dui op die wese en werk van God en alles wat God aangaande Hom geopenbaar het. Die

“Naam” verwys na God self en alles wat Hy geopenbaar het tot redding van die mens. Hierdie openbaring van God kan slegs geken word deur Jesus Christus se verkondiging daarvan te aanvaar. Daar is geen ander weg na die ware kennis van die Naam van God nie.

Lees Johannes 17:7-8

Wat was die gevolg van Jesus se verklaring van die Vader se Naam aan die wêreld, vir diegene wat in Jesus glo?

Jesus verklaar dat daar 'n groep gelowiges in hierdie wêreld is wat sy boodskap aanvaar het. Nou gaan Jesus voort om te bid vir die behoeftes en beskerming van Sy volgelinge wat in hierdie wêreld gaan agterbly wanneer Hy na die hemel terugkeer.

Lees Johannes 17:9-12

Watter belangrike onderskeid tref Jesus in v.9. Vir wie bid Hy?

Dat Jesus nie vir die wêreld bid nie, beteken nie dat 'n Christen nie vir die wêreld moet bid nie. Jesus sê net dat sy gebed hier spesifiek vir die gesin van God is, vir diegene wat aan God behoort. Wat Hy hier vra, is vir hulle bedoel. Deur hul optrede sal die krag van Jesus in hierdie wêreld duidelik word (17:10).

Wat is sy motivering om volgens vers 10(a) vir sy volgelinge te bid?

Wat is die rede waarom Jesus volgens v. 10(b) - 11(a) vir sy volgelinge bid?

Die rede is dat Jesus teruggaan na sy Vader. Die gelowiges sal dan alleen gelaat word. Jesus bid vir die eise wat dit aan hulle in 'n vyandige wêreld sal stel (sien Johannes 15:19(b)).

Wat is Jesus se spesifieke versoek van sy Vader (verse 11(b) - 12).

Jesus se versoek dat die Vader hulle sal beskerm, was nie net ter wille van hulle nie, maar ook ter wille van God self (17:11). Gelowiges is immers deel van God se familie. Hul belange is in mekaar verweef. As een lid van die gesin seerkry, kry die hele gesin seer.

Lees Johannes 17:14,16

Wat is die tweede aspek van Jesus se sending wat Hy hier openbaar?

Watter versekering gee Jesus in vers 16?

Die gelowiges is in hul aard en oorsprong nie van hierdie wêreld nie. Hulle behoort aan Jesus en tree op soos Jesus (vers 16). Daarom sien die wêreld hulle as teenstanders en vyande (vers 14). Dit beteken egter nie dat hulle van die wêreld af moet weghardloop nie. Gelowiges bly in hierdie wêreld as mense wat aan God behoort en Hom hier dien.

Lees Johannes 17:15 & 17(a)

Wat is Jesus se versoek vir Sy volgelinge wat in hierdie wêreld woon?

Lees Johannes 17:14(a),17

Wat het God gegee om sy volk te beskerm?

Gelowiges leef in hierdie wêreld as mense wat aan God behoort en nie aan die wêreld nie. Maar omdat hulle Hom hier dien waar hulle gehaat word, het hulle beskerming nodig. Jesus het die Woord aan hulle gegee - nou pleit Hy by sy Vader om hulle deur sy Woord aan Hom toegewy te hou. Die Griekse woord hier impliseer dat God die gelowiges afgesonder het soos die priesters in die tempel vir God afgesonder is. Die priesters het in die wêreld gebly, maar hulle harte en belangstellings lê by God. Hulle wou Hom alleen dien. Die Christene bly egter nie in die tempel nie, maar in die Woord van God. Met ander woorde, die wil van God moet hulle hele lewe beheer en omvou. Dit moet die riglyn wees vir die gelowige se lewensprogram en optrede. Sulke mense kan iets beteken vir Jesus in

hierdie wêreld. Daarom stuur Jesus hulle die wêreld in om voort te gaan met sy werk.

Lees Johannes 17:18

Wat is ons missie (sending)?

Soos Jesus die Vader in hierdie wêreld geopenbaar het, moet die gelowiges aanhou om Jesus aan hierdie wêreld te openbaar. Soos die mense Jesus leer ken, sal hulle die Vader leer ken. Die gelowige moet die werk van God in hierdie wêreld gaan doen as mense wat vir die Here afgesonder word, as mense wat vir die waarheid lewe.

Dit beteken dus dat God se openbaring aan hierdie wêreld deur die gelowiges en hul optrede te midde van die donker en sondige wêreld bly uitrol. Die optrede van die gelowiges moet die spieël wees waarin die wêreld God sien.

Lees Johannes 17:13

Wat is Jesus se geskenk vir sy volgelinge wat in 'n vyandige wêreld woon waar hulle nie hoort nie?

Jesus se Woord gee ons vreugde (Johannes 17:13); en hierdie innerlike vreugde gee ons die krag om te oorwin (verwys na Nehemia 8:10). Die gelowige vind nie sy vreugde in die wêreld nie, maar in die Woord. Soos Johannes die Doper, moet ons baie bly wees as ons die bruidegom se stem hoor (Johannes 3:29)!

SLOTOPMERKINGS

Wanneer Jesus weggaan, sal die gelowiges sonder die beskerming wees wat Hy hulle gegee het. Niemand kon hulle uit Jesus se hand ruk nie (Johannes 10:28). Nou bid Jesus dat niemand hulle uit die hand van die Vader ruk nie (Johannes 17:12). Die kerk staan dus onder die beskerming van God self. Hulle het beskerming nodig omdat die wêreld hulle vyandiggesind is (Johannes 15:18–22).

Die Woord van God bring nie net vir ons God se vreugde en liefde nie, maar dit gee ook God se krag om heilig te leef (Johannes 17:15–17). Die las van ons Here se gebed in Johannes 17:6–12 was veiligheid, maar hier is dit heiligheid, 'n praktiese heilige lewe tot eer van God. Ons is in die wêreld, maar nie van die wêreld nie, en ons moet nie soos die wêreld leef nie. Soms dink ons dat dit makliker

sou wees as ons “buite die wêreld” was, maar dit is nie waar nie. Waar ons ook al gaan, neem ons ons eie sondige self saam, en die magte van die duisternis sal ons volg.

Die Woord gee ons vreugde, liefde en krag om 'n heilige lewe te lei. Dit gee ons ook wat ons nodig het om Hom as getuies in hierdie wêreld te dien (Johannes 17:18–19). Heiligmaking is nie vir die doel van selfsugtige genot of roem nie; dit is sodat ons Christus in hierdie wêreld kan verteenwoordig en ander vir Hom kan wen. Jesus het Homself vir ons afgesonder, en nou sonder Hy ons vir Hom af. Die Vader het Hom na die wêreld gestuur, en nou stuur Hy ons die wêreld in. Ons is mense “met ‘n opdrag” en ons moet dit gehoorsaam! Jesus is nou in die hemel “afgesonder” en bid vir ons dat ons getuienis vrugte sal dra deurdat baie mense hul van hul sondes bekeer en terugdraai na die Here toe.

Hoe kan ons deur die wêreld oorwin word as ons die Woord van God het om ons te verlig, ons in staat te stel en ons aan te moedig?



GEBED

Dank God vir Sy liefde en genade.

Dank Hom vir Sy beskerming.

Dank Hom dat Hy jou verlossing deur sy Seun verseker het.

Vra Hom om jou te help om nie bang te wees om jou doel hier op aarde te vervul nie.

Dank Hom vir Sy Woord wat ons verlig, onderrig en bemoedig.



GROEPBESPREKING

GEBED

Geheuevers:

*Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld moet wegneem nie,
maar dat U hulle van die Bose moet bewaar.*

Johannes 17:15

Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

Johannes 17:6-19

Besprekingsvrae

Lees Johannes 17:6-7. Watter mense word in vers 6 beskryf en wat het Jesus vir hulle gedoen? Wat het hierdie mense geleer?

Lees Johannes 17:8. Wat het Jesus met die boodskap van die Vader gedoen en wat was die dissipels se reaksie hierop?

Lees Johannes 17:9. Watter belangrike onderskeid tref Jesus? Vir wie bid Hy? Beteken dit dat gelowiges nie vir die wêreld hoef te bid nie?

Lees Johannes 17:14. Wat was die tweede deel van Jesus se sending wat Hy hier openbaar?

Lees Johannes 17:15-17. Wat is Jesus se versoek vir Sy volgelinge wat in hierdie wêreld woon?

Lees Johannes 17:17. Wat het God sy volk gegee vir hul beskerming? Hoe help die Bybel jou in jou alledaagse lewe en met jou aardse sending? Bespreek.

Lees Johannes 17:18. Wat is ons sending op aarde? Vind jy dit maklik om jou missie te vervul? Bespreek.

Bespreek hoe julle mekaar in die groep kan aanmoedig om meer in die Woord van God te delf en meer daarvan in jou daaglikse lewe toe te pas.

Sluit af met gebed

Week **3**

Jesus bid vir Sy Kerk en vir eenheid!

Geheuevers:

Ek bid...ook vir dié wat deur hulle woorde tot geloof in My sal kom. Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U... sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.

Johannes 17:20(b)-21



PERSOONLIKE STUDIE

Lees Johannes 17:20-26

INLEIDENDE OPMERKINGS

Daar wag sukses op die dissipels se sending na die wêreld. Daarom bid Jesus alreeds vir diegene wat tot geloof sal kom as deel van die sending op grond van die prediking van die dissipels. Hy bid dat hulle een mag wees, net soos die Vader en die Seun een is. Om een te wees beteken om die onderlinge inwoning van die Vader, Seun en Gees te ervaar: om bloedfamilie van God te word deur die bloedoffer van sy Seun.

Eenheid in Christus beteken dat alle gelowiges in 'n verhouding met Christus staan en dus ook met elke ander gelowige. Alle gelowiges is met mekaar verenig, of hulle dit nou wil weet of nie, of hulle daarvan hou of nie, ongeag van hoe hulle daarvoor voel.

Die vertrekpunt van hierdie eenheid lê in die persoon en werk van Jesus Christus. Dit is nie net 'n onsigbare, geestelike eenheid nie, maar moet ook in ons lewens sigbaar wees. Die uitdaging van Christelike eenheid is om die waarheid van daardie werklikheid uit te leef.

STUDIEVRAE:

Lees Johannes 17:20

Vir wie bid Jesus in vers 20?

Lees Johannes 17: 21

Waarvoor bid Jesus wanneer Hy bid dat die dissipels een sal wees?

Lees Johannes 17:22

Wie het aan Jesus Sy heerlijkheid gegee?

Dit is belangrik om te onthou dat die heerlijkheid wat God die Vader aan God die Seun gegee het, heerlijkheid was wat dikwels nederig, swak en lydend voorgekom het. Dit was heerlijkheid wat uiteindelik as radikale opoffering openbaar is. Die heerlijkheid van Jesus is amper die

teenoorgestelde van die verheerliking waaraan die mens dink.

Waarmee seën Jesus die dissipels?

Waarvan praat Jesus as Hy vir die dissipels sê dat hulle een moet wees?

Jesus het nie gebid vir eenvormigheid of institusionele eenheid onder gelowiges nie. Hy bid vir 'n persoonlike dinamiek van eenheid, wat die ryke verskeidenheid van die Kerk bymekaar bring. Eenheid van instellings verseker nie eenheid van die Gees nie.

Die grondslag van ons eenheid is dieselfde as die grondslag van eenheid tussen die Vader en die Seun: 'n diep verhouding tussen gelyke persone. Ons is almal op dieselfde grond voor die kruis. Dit is wat Jesus beoog: 'n groot menigte voor die troon van God, van elke ras, taal en sosiale vlak; en daarom bid Hy dat hulle hul verskillende agtergronde kan oorkom en hul eenheid kan verstaan.

Lees Johannes 17:23-24

Waarin is ons eenheid gefundeer?

Daar is 'n soort eenheid wat ontstaan deur kompromie, of uit vrees of onder dwang. Jesus wou 'n eenheid van liefde en 'n gemeenskaplike identiteit in Jesus hê. Jesus bid vir 'n eenheid wat in die liefde gegrondves is, omdat die Vader die gelowiges net so onvoorwaardelik liefhet as wat Hy sy Seun liefhet.

Hoe kan die wêreld baat vind by eenheid onder Christene?

Die wete dat die eenheid van God se volk aan die wêreld sou vertoon dat Jesus waarlik deur God die Vader gestuur is, was vir Jesus so belangrik dat Hy dit in hierdie gebed herhaal (sien verse 11 en 23). Jesus het gebid dat die eenheid tussen geslagte gelowiges wat nog sal kom, ook aan die wêreld sou demonstreer dat Jesus Sy volk liefhet,

volgens die patroon van God die Vader se liefde vir God die Seun.

Dit herinner ons aan die belangrikheid van eenheid en liefde onder Christene. Dit is asof Jesus die wêreld toestemming gegee het om beide Sy sending en Sy liefde te betwyfel as die wêreld nie eenheid en liefde onder gelowiges sien nie.

Lees Johannes 17:26

Watter groot geheim van die Christelike lewe vind ons in hierdie vers?

Jesus het liefde van God die Vader ontvang, en hierdie liefdesverhouding was Sy sterkte en lewensbehoud. Hier, ter afsluiting van sy groot gebed, het Jesus gebid dat dieselfde liefde wat sy krag en lewensbehoud was, sy dissipels (beide naby en ver) sou vul.

Dit spreek die wesenlike plek van liefde in die Christelike lewe en gemeenskap aan. Jesus het dit so belangrik geag

dat Hy spesifiek vir liefde gebid het wanneer hy miskien vir baie ander dinge kon bid.

Die geheim van die Christelike lewe is Jesus en Sy liefde wat in die gelowige leef. God se liefde verander gelowiges sodat hulle mekaar liefhet soos God hulle liefhet.

SLOTOPMERKINGS:

Die eenheid tussen gelowiges moet so sigbaar wees in die aksies wat voortvloei uit ons liefde, dat dit die wêreld uitdaag om ook in Jesus Christus te glo.

Jan A du Randt sê in sy boek: *Liefde in die Wingerdlote*, dat Jesus vir eenheid onder die gelowiges bid om drie redes:

a) sodat die wêreld kan glo dat die Vader die Seun gestuur het;

b) sodat die navolgers een kan wees, net soos die Vader en Seun een is; en

c) sodat die wêreld kan weet dat die Vader die Seun gestuur het.

Ons sien dus dat die sending van die Seun en die aanvaarding daarvan deur geloof, die hartklop van Johannes se boodskap is.

Jesus sluit sy aangrypende gebed af met die gebed om die vervulling van ware liefde. Dit is dat die liefde van die Vader, wat Hy aan sy Seun betoon het, in die gelowiges sigbaar moet word. Ons liefde as gelowiges is nie die uitdrukking van ons goeie bedoelings nie, maar die antwoord wat deur God in ons geplant is. Dan word God werklik sigbaar deur ons dae van liefde.



GEBED

Dank God vir sy liefde en genade.

Dank Hom dat jou lewe deur sy liefde verander het. Vra Hom om jou te help om jou medegelowiges lief te hê en een met hulle te wees.

Bid vir eenheid in jou gemeente.

Vra Vader om deur jou dae van liefde vir die wêreld sigbaar te word.



GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

Ek bid...ook vir dié wat deur hulle woorde tot geloof in My sal kom. Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U... sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.

Johannes 17:20(b)-21

Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

Johannes 17:20-26

Besprekingsvrae

Lees Johannes 17:20. Vir wie bid Jesus?

Lees Johannes 17:22. Wie het aan Jesus Sy heerlijkheid gegee?

Lees Johannes 17:21-24. Waarom dink jy is eenheid so belangrik vir Jesus? Waarin is ons eenheid gefundeer?

Lees Johannes 17:26. Watter groot geheim van die Christelike lewe vind ons in hierdie vers?

Is eenheid sigbaar in jou gemeente? Waarom of waarom nie?

Lees Johannes 17:22-23. Bespreek in die groep watter aksies jy as individu en julle as groep kan onderneem om eenheid en die liefde van God te bevorder.

Sluit af met gebed



GEHEUEVERSE

WEEK 1:

En die inhoud van die ewige lewe is dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus wat U gestuur het.

Johannes 17:3 (NLV)

WEEK 2:


Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld moet wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose moet bewaar.

Johannes 17:15

WEEK 3:

Ek bid...ook vir dié wat deur hulle woorde tot geloof in My sal kom. Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U... sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.

Johannes 17:20(b)-21



BRONNE

Borchert, G. L. *John 12–21 (Vol. 25B, pp. 134–135)*. Nashville: Broadman & Holman Publishers. 2002

Du Rand, Jan A. *Liefdesnote in die Wingerdlote – ‘n Populêre verklaring van Johannes 13-17*. Christelike Uitgewersmaatskappy, Vereniging. 1993

Wright, T. *John for Everyone, Part 2: Chapters 11-21*. London: Society for Promoting Christian Knowledge. 2004

<https://www.biblestudylessons.com/classbooks/gospel/john-question...>

Logos Library:

- Warren Wiersbe – Bible Exposition Commentary
- Die Bybellennium Eenvolumekommentaar – Christelike Uitgewersmaatskappy, 1999
- Die Evangelie van Johannes – EP Groenewald
- Louw. Johannes P and Nida. Eugene A. *Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains*.



2021

51